AANKONDIGINGE

4 NOVEMBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars: Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

VIER-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
9:00	**EREDIENS - Doop** Deurkollekte: Aksie Samaritaan Erediensspan 2 – Charl van Zyl	Ds. Jandré Viljoen
Geen	Kinderkerk en jnr kategese	
Geen	Informele Aanddiens/Kruiskompas Bankkollekte	
Geen	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
SUID-KAAP BRANDE

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Rut 3:1-5, 4:13-17; Ps 127; Heb 9:24-28; Mark 12:38-44

MAANDAG, 5 NOVEMBER
18:00 Getuienisaksie – kommissie vergadering in die Moederskamer 19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 6 NOVEMBER
Geen Senior Burgers Bybelstudiebyeenkoms a.g.v. tannie Gertie se begrafnis 19:00 Dinsdag Mannegroep – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Jeug – kommissie vergadering in konsistorie 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 7 NOVEMBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 10:00 Othello biduur in die eetsaal 19:00 Vrouelidmate – kommissie vergadering in konsistorie
DONDERDAG, 8 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Invloed vanmoegwees op my gehoor - met Fanie – by Huis de Kuilen Sopkombuis: Marianne Brink, René van Schalkwyk, Irma van Schalkwyk, Riana van Niekerk, Luci Mulder 19:00 Gemeentebediening – kommissie vergadering in konsistorie
VRYDAG, 9 NOVEMBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 10 NOVEMBER
SONDAG, 11 NOVEMBER
VYF-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD 09:00 Oggenddiens Deuroffer: Alta du Toit Nasorg Erediensspan 3 – Johan Norman 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Informele aanddiens/Kruiskompas 19:00 Snr kategese en belydenisklas

VANDAG SE DEUROFFER

AKSIE SAMARITAAN

Sewe kerke is tans betrokke by Aksie Samaritaan se sopkombuis wat op weeksdae ***'n sopkombuis*** vir armes en werkloses aanbied saam met 'n kort Bybel-boodskap. In ***Kalkfontein*** is 'n staatskool waar vrywilligers kinders wat lees- en syfervaardigheidsprobleme het, gratis help. Godsdiensonderrig word ook aangebied. Aksie Samaritaan ondersteun Ntomb finansieel vir die bestuur van 'n ***Kinderevangelisasieprogram***.

Kinders kan na skool by Kinderklubs inskakel. ***Naaldwerkklasse*** aan volwassenes word aangebied. Van die groter dogters woon ook dié klasse by.

Ds. Jan de Bruin is die projekbestuurder wat die moontlikheid van 'n nagskuiling-/vaardigheids-ontwikkelingsprojek verder ondersoek.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

4/11	René West, Mariana Bosman, Helené Britz
5/11	Louis Roos, Alta la Grange, Erna Carstens, Marlize Neethling, Sorina Greeff, Marlene Kotze
6/11	Renier Hagen, Carli Visser
7/11	Mattie van Geems, Kitty de Klerk, Herman Hugo, Ronel le Grange
8/11	Janeke Kleinhans, Jan van der Merwe, Zita Erasmus, Marietjie Basson, Petro van den Heever, Alida Burger
9/11	Joos Ras, Brian Donaldson
10/11	Carine Botes, Johann van Niekerk, Jacques Odendal, Gerhard Roux, Almarette Swart, Frik van Deventer, Pieter Streicher

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Mag die pad voor jou altyd reguit wees. Mag jy die wind altyd van agter kry. Mag die son jou gesig streel en die reën sag op jou lande uitsak.

En – totdat ons weer ontmoet – mag God jou in die palm van sy hand vashou.

'n IERSE SEëNWENS

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Die volgende babatjies word vanoggend gedoop
   - Megan Kennedy, dogtertjie van Jurie en Natalie
   - Jani Orlandi, dogtertjie van Marco en Nicole
2. Gertie Marais (Van Aarde straat 11), suster van Bettie en John, is oorlede. Die roudiens is eerskomende Dinsdag om 10:00 in ons kerk.
3. Martie Joubert (Othello) ondergaan in die komende week ‘n nekoperasie.
4. Elize van Niekerk (Othello) ondergaan in die komende week ‘n operasie.
5. Elize Booyens (Othello) ondergaan in die komende week ‘n operasie.
6. Dirk Heydenrych, seun van Francois en Anien, is as kaptein van die Noord-Vrystaatse onder 16A2 jukskeispan verkies wat deelneem aan die SA Jukskeikampioenskappe in Kroonstad.
7. Jolandé Vorster (Steenbok straat 28) is tans in die hospitaal.
8. Anna van Wyk (Voëlvry, Bottelary) ondergaan behandeling.
9. Ds. Jandré het die beroep na Ceres-Vallei aanvaar. Ons bid vir hulle as gesin vir hierdie opwindende pad vorentoe!
10. Een van ons lidmate vertel dat hy sopas in die Karoo naby Prins Albert gekuier het. Volgens hom is dit baie droog daar en kry mens en dier baie swaar. Ons vra steeds voorbidding vir uitkoms in die gebiede wat deur droogte geteister word.

BAIE DANKIE

Liana en André Hough sê baie dankie vir ds. Jandré se ondersteuning tydens hul dogter, Leandre, se onlangse operasie.

Sy oproepe en besoeke by die hospitaal en tuis het hul gedra deur die moeilike tyd.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 2 stukkies verkoop en die totaal is nou 289 van 2000.

DANKOFFERFEES: 28 OKTOBER

Ons sê baie dankie aan al ons lidmate wat reeds hul Tiende Maand Dankoffer gegee het, hetsy per koevert of elektronies. Die bedrag van R275 517 is reeds ontvang teenoor verlede jaar se R288 905. Ons doelwit vir vanjaar is R300 000.

Lidmate kan steeds hul koevertjies in die bordjies plaas.

JAN KRIELSKOOL

Jan Krielskool het die volgende poste beskikbaar:

1. Nutsman
2. Tuinier
3. Busbestuurder (kode 10 of 14 met geldige PDP)

CV moet vergesel word met twee getuigskrifte en stawende dokumente van ondervinding. Handig CV by skool in, geen faks of e-posse nie.

Aansoeke sluit 12 November 2018

Navrae: Mev Bosman 021 900 3275

DE EIKE KOSKAS

Daar is tans ‘n dringende behoefte aan die volgende produkte:

- blikkies groente
- blikkies vleis / vis

Bydraes kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.

KLEREBANK

De Eike se klerebank was oor die afgelope paar jaar, danksy die ruim skenkings van lidmate, in staat om uit te reik na verskeie gemeenskappe en individue in nood.

Ons gee gereeld skenkings van klere, beddegoed, ens. aan Green Park, Kayamandi, Nuwerus, Badisa en ook die inwoners van Huis de Kuilen.

Tans is daar ‘n **groot gehoefte aan alle tipes klere (mans, vroue en kinder) sowel as beddegoed, handdoeke, ens**. Lidmate is welkom om enige skenkings by die kerkkantoor af te gee. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

ARGIVARIS

Die laaste paar jaar was Theo Boshoff ons gemeente se argivaris. Weens sy gesondheid kon hy dit nie meer langer doen nie.

Is daar enigiemand wat daarvoor kans sien?

Dis belangrik dat ons pad saam met die Here gedokumenteer word vir toekomstige geslagte.

Skakel asb die kerkkantoor as jy wil help.

SENIOR BURGER KLUB UITSTAPPIE

Die Senior Burgerklub se uitstappie die vierde kwartaal is na die Planetarium in Kaapstad. Ons vertrek op 22 November 2018 om 09:00 vanaf ons kerkgebou per bus na Kaapstad. Ons gaan eers na die Waterfront waar ons by ‘n restaurant gaan “brunch”. Daarna gaan ons die Planetarium aan die bokant van die Tuine besoek. Ons afspraak by die Planetarium is 12:45 en hulle is bereid om die program(van 45 minute) vir ons in Afrikaans aan te bied! Daarna keer ons terug huistoe en vertrou ons gaan voor die ergste middag-verkeer terug by De Eike wees.

<u>Kostes:</u> R30 per persoon

Bespreek en betaal asseblief by die Kerkkantoor.
By die restaurant betaal elkeen vir hom-/haarself.

BYBELS VIR KINDERS

CARPE DIEM MEDIA het die volgende twee spesiale aanbiedings tans op Bybels vir kinders.

die Bybel@kinders
God se boodskap in ’n taal wat kinders verstaan, onder redaksie van Stephan Joubert, Hennie Stander en Jan van der Watt.

dieBybel@kinders bevat die Ou en Nuwe Testament in ’n taal wat kinders verstaan. Dit is ideaal vir voorlees, maar tog is die taal so maklik dat dit net reg is vir selflees ook.

Aan die begin van elke boek is daar ’n kort inleiding wat die opsomming van die inhoud gee, om dit maklik en verstaanbaar te maak. Die Bybelboeke is ook in korter dele ingedeel met ’n opskrif wat mooi verduidelik waaroor die spesifieke deel gaan.

Die sinne is lekker kort en lees maklik omdat eenvoudige woorde gebruik is.

Kliek op voelgoedboeke.co.za/bybel-kinders en spaar 50% - **R174** was R349.

52 mooiste Bybelstorie
Jaco Thom het 52 stories gekies en dit in ’n lekker maklike storie-formaat oorgeskryf sodat kleiner kinders dit kan verstaan én terselfdertyd ’n liefde vir Jesus kweek.

Al die belangrike mense van die Bybel is hier...Jakob met sy twaalf seuns, Moses in sy bedjie op die Nylrivier en Dawid, wat die reus met sy slingervel aanvat.

En natuurlik Jesus en wat Hy gedoen het...hoe Hy duisende mense kos gegee het, ’n groot storm op die see stilgemaak het, en hoe goed Hy vandag nog vir ons is.

Elke storie het ’n volkleur prentjie wat die storie uitbeeld.

‘n CD, voorgelees deur radio-aanbieder Janine van Niekerk, is ook ingesluit.

Kliek op voelgoedboeke.co.za/mooiste-Bybelstories om te bestel. Prys op webwerf beskikbaar.

VERSOEK

Die Change for the Better Foundation Honde Shelter op die Bottelary pad was die afgelope week WEER die slagoffer van ‘n gewapende roof.

Hulle benodig laptops (met kameras) wat hulle kan gebruik saam met die res van die sekuriteitstelsel.

Verder het hulle ook hulp nodig met waterverskaffing.

Indien jy op ‘n manier kan help, kontak gerus vir Linda by 072 430 8899 of vanrooyen.linda@yahoo.com.

PREEKSKETS 4 NOVEMBER 2018

PREDIKER: DS. JANDRé VILJOEN

TEMA : DIE HERE SEËN JOU!

SKRIFLESING: 1 Kor :1-3 & 16:21-24

Loflied: lied 159:1-2

Uitstuurlied: lied 268

In vanoggend se skrifgedeelte help Paulus ons om iets te verstaan van ‘n ou-gewoonte. Die seëngroet, soos Paulus herhaaldelik gebruik het, was nie net ‘n ou-gewoonte nie, maar ‘n ou-gewoonte wat nuwe lewe kom gee het. Hierdeur help Paulus ons om drie goed te verstaan:

1. Fokus

Paulus se seëngroet het hom help fokus op die identiteit van die mense - hulle was gered. Hulle was almal kinders van God.

2. Verlange

Paulus het ‘n intense verlange (wens) gehad, dat die mense om hom, werklik die Here se teenwoordigheid moes ervaar. Daar is dus ‘n belangrike teologiese rede agter die gebruik van die seëngroet. Ontmoetings deur gelowiges gebeur in die Naam van die Here.

3. Begeerte

Paulus het ook ‘n intense begeerte gehad om mense weg te stuur met, “*die Here is met jou!*” Hoe ons mense uitstuur / groet bepaal die atmosfeer van ons volgende ontmoeting.

Seënwense